Maandag **25 November**

**Skrifgedeelte: Psalm 80 (AFR33/2020)**

**Fokusgedeelte: Psalm 80:2, 4, 8, 19, 20**

**Leef toegewy in die lig van ons Herder se aangesig**

Asaf bid drie keer dat God sy "aangesig" oor die volk laat "skyn". Om iemand se "gesig" of "aangesig" in daardie tyd te kon sien, moes jy fisies in sy/haar teenwoordigheid wees. (Daar was nog nie iets soos bv. video-oproepe nie.) Verder, wanneer 'n lig "skyn", verdryf dit die duisternis en verlig alles waarop dit skyn.

Ons lees in Eksodus 33:20: "Verder het die HERE gesê: Jy kan my aangesig nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie." Die lig van God se absolute heilige aangesig verdryf alle duisternis en verlig alle sondes. Omdat geen sondes in God se heilige teenwoordigheid kan wees nie, word alle sondes (m.a.w. hulle wat sonde doen) deur God se toorn gestraf.

In Numeri 6:25 lees ons dat die priesters die die volk moes seën met "die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees".

Israel ervaar in Psalm 80 die gevolge van hulle sonde en ontrouheid aan God – verdrukking, bespotting, uitbuiting, vervolging, vernietiging, ensovoorts, deur hulle vyande. Nou bid Asaf dat God sal onthou dat Hy hulle Herder is. Dat Hy die lig van sy aangesig oor hulle sal laat skyn, wat wel hulle sondes aan die lig bring, maar dat Hy hulle nie sal vernietig nie. Dat Hy hulle genadig sal wees en hulle verlos! Dan sal hulle met nuwe toewyding in die lig van hulle Herder se aangesig kan lewe.

Jesus Christus is die Lig vir die wêreld (Joh. 8:12). Jesus Christus is ook die goeie Herder wat sy lewe vir sy skape aflê (Joh. 10:11). Hy bring al ons sondes aan die lig, maar Hy neem ook al ons sondes op Hom. Hy is ons genadig en verlos ons. Daarom kan ons nou toegewyd in die lig van ons Herder se sangesig lewe.

*Sing: Psalm 34-1:4, 7*

*Ds. J (Johan) Dunn (Keetmanshoop/Mariental)*